

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE, AKTUALITEIT EN VERLOOP VAN DIE NAVORSING

1.1 ORIËTERING

Ouers as primêre opvoeders behoort by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke te wees. Deur betrokkenheid moet die kind gelei word om te begryp dat sy God-gewewe begaafdhede verwesentlik moet word sodat hy 'n lewe in diens van God en sy medemens kan lei (Landman, 1984:1). Rondom ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys heers daar bepaalde vraagstukke en is daar probleemareas.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Sedert die volksplanting in die RSA het die owerheid die belangrikheid van ouerbetrokkenheid beseef. Die aanvanklike ouerlike inspraak was afkomstig van die kerkrade wat die onderwysers gekeur het en beheer oor die skole gehad het (Maree, 1985:7).

As daar gekyk word na die meer moderne stand van sake ten opsigte van ouerbetrokkenheid en die owerheid se beleid te opsigte daarvan, word die volgende duidelik:

Kragtens Artikel 2 (1) (h) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 39 van 1967, word bepaal dat “aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse”.

Dit skyn asof die ouer wat die primêre opvoeder van sy kind is, as gevolg van die beskaafdworping van die wêreld geleidelik sy regmatige aandeel in die opvoedende onderwys van sy kind verloor het. Die ouer besit in die praktyk vandag feitlik geen inspraak of seggenskap in opvoedende onderwys sake nie. Die beskouing dat die ouer nie 'n betekenisvolle bydrae kan lewer nie omdat die onderwys 'n te gespesialiseerde terrein is waarvoor professionele kennis en kundigheid benodig word, het ouerbetrokkenheid geleidelik laat

vervlak tot minder belangrike terreine soos toesig oor fisiese geriewe (Van Schalkwyk, 1983:13).

Die ouerhuis is self deur God vir die opvoedingstaak verordineer en waar die huidige samelewingsopset en eise wat daarmee gepaard gaan die ouer die taak van opvoedende onderwys ontnem, moet daar weer indringend besin word oor ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys, veral op primêre skoolvlak (Van Schalkwyk, 1983:9).

Na aanleiding van ondersoek deur die RGN na die onderwys en in die lig van die Regering se Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika (vrygestel 23 November 1983) moes daar opnuut besin word oor ouerbetrokkenheid in die blanke skole (Jooste, 1983:7).

Na die RGN-verslag is daar heelwat navorsing oor ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys gedoen. Verskeie opvoedkundiges (vergelyk Kritzinger, 1984; Vernon, 1984; Schutte, 1984 en Postma, 1987) het hulle aandag hieraan gewy. Geeneen van hulle het spesifiek ingegaan op die taak en verantwoordelikheid van die individuele blanke ouer in die primêre skool ten opsigte van opvoedende onderwys nie. Hulle het grootliks aandag geskenk aan ouer-onderwyserskontak as verskynsel en hoe ouerbetrokkenheid op meso- en makro-onderwysvlak vergestalt is (Postma, 1987:209).

Die leemte ten opsigte van ouerbetrokkenheid het met die verskyning van die RGN-verslag en die Tussentydse Memorandum van die Regering duidelik na vore gekom toe daar geen georganiseerde ouerliggaam was wat behulpsaam kon wees met die terugvoering van die belangrikste verslae en geraadpleeg kon word nie (Van der Walt, 1983a:20-21).

Tydens sy openingsrede van die OVSOV-jaarvergadering op 5 September 1985, het minister P.J. Clase (Minister van Onderwys en Kultuur), swak ouerbetrokkenheid toegeskryf aan die feit dat ouerdeelname slegs beperk word tot inspraak by personeelbenoemings, geld en handwerk (Clase, 1985:4-8).

Dat onbetrokkenheid van die ouer by die onderwys 'n ernstige leemte laat in die bestaande stelsel van onderwysvoorsiening, is gewis. By die meeste Christen-Afrikanerouers is dit nie erns dat die skool in al sy werksaamhede 'n Christelike en volkseie gees en karakter adem nie (Barnard, 1982:2139).

Wanneer daar na die RGN-verslag gekyk word, blyk dit dat daar minstens sewe van die voorgestelde elf onderwysbeginsels die kwessie van ouerbetrokkenheid direk raak (Barnard, 1982:2148).

'n Besinning oor of ondersoek na ouerbetrokkenheid gaan hier om die vraag of daar na die ouergemeenskap in sy georganiseerde verband (makro-onderwysvlak) gekyk moet word en of die ouer ook as individuele belanghebbende (mikro-onderwysvlak) benader moet word (Hattingh, 1978:2).

Omdat slegs 'n klein hoeveelheid ouers sitting het op bestuursrade en die grootste gros ouers van mening is dat hulle hulp nie nodig is nie, moet aandag geskenk word aan die ouer op mikro-vlak wat as primêre opvoeder moet toesien dat hulle verbondskinders egte en ware opvoedende onderwys moet ontvang (Postma, 1985:34-35).

Aangesien die VSA ook, net soos Suid-Afrika, uit 'n stamland soos Engeland afkomstig is en hulle historiese verloop parallel loop met die van Suid-Afrika ten opsigte van trekkerbestaan, rasseverhoudinge, godsdienstryd, landelike bestaan en nywerheidsontwikkeling, is die VSA 'n geskikte model om mee vergelykings te tref (Barnard, 1978:109).

Uit die voorafgaande betoog is dit duidelik dat die probleem van hierdie navorsing wentel om die volgende:

- Aanvaar die ouer sy kind onvoorwaardelik as die skepping van God en as individu?
- Is die ouer beskikbaar as sy kind op sy teenwoordigheid aanspraak maak?
- In welke mate is die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die primêre skool toegerus om 'n bydrae te lewer tot die skep van 'n geborgenheidsruimte vir sy kind?
- Kan die ouer as kultuurdraer 'n bydrae lewer tot die opvoedende onderwys van die kind sonder om sy bevoegdheidsterrein te oorskry?
- Kom daar 'n duidelike tendens na vore uit die historiese ontwikkeling van ouerbetrokkenheid van die blankes in die primêre skool in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika?
- Watter rol speel die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die opvoedende onderwys van die kind in die primêre skool?

Saamgevat is die probleemvraag wat nagevors word, die volgende: Is die betrokkenheid van individuele ouers by die opvoedende onderwys van hulle kinders op primêre skool, prinsipiël gesien, in orde in Suid-Afrika, en indien dit nie die geval is nie, hoe kan dit reggestel word?

1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

Die doel met hierdie navorsing is om vas te stel of:

- die ouer sy kind onvoorwaardelik as skepsel van God aanvaar;
- die ouer beskikbaar is as sy kind op sy teenwoordigheid aanspraak maak;
- die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die primêre skool toegerus is om 'n bydrae te lewer tot die skep van 'n geborgenheidsruimte vir sy kind;
- die ouer as kultuurdraer 'n bydrae lewer tot die opvoedende onderwys van die kind sonder om sy bevoegdheidsterrein te oorskry;
- daar 'n duidelike tendens na vore kom uit die historiese ontwikkeling van ouer-betrokkenheid van die blankes in die primêre skool in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika;
- die empiriese ondersoek die rol van die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die opvoedende onderwys van die kind in die primêre skool kan bepaal.

1.4 METODE VAN NAVORSING

1.4.1 Literatuurstudie

Daar is van primêre en sekondêre bronne gebruik gemaak. 'n Dialog-rekenaarsoektog is onderneem met behulp van die volgende trefwoorde: “parent participation in education, parent involvement in education, parent-teacher partnership, parent involvement in the home, school and community, linking home and school, aspects of primary education, primary school management, open plan organization in the primary school, parents; participation and persuasion in primary education.”

1.4.2 Probleem-historiese metode

Die probleem-historiese metode is gerig op die verlede, hede en toekomsituasie van die opvoeding. Deur doelgerigte vrae wat gerig is op die verlede, hede en toekoms word die historiese opvoedingswerklikheid ontbloot (Venter, 1976:167).

Met die aanwending van die probleem-historiese metode word bedoel dat die pedagogiese probleem ondersoek word vanuit 'n bepaalde gesigspunt. Die gesigspunt is die spesifieke grondvrae wat gestel word om 'n aspek van die pedagogiese te verhelder. Met ander woorde die wetenskaplike kennis kom tot stand deur die opvoedingsverlede deur middel van bepaalde aktuele pedagogiese probleme of vrae oop te dek (Brezinka, 1971:50).

Die opvoedkundige probleme self besit historiese kontinuïteit omdat daar onontkombare grondvrae is wat hulself altyd weer nuut opdring en wat van geen tydsgeewig, belangstellingsrigting of tendens afhanklik is nie. Die kritiese omgang met die probleem staan in die kern van die vraagstelling in die probleem-historiese beskouing van die opvoedingsverlede (Ipfling, 1967:149-150).

Verder laat die probleem-historiese metode in die opvoedkundige ondersoek ook die historiese feitlikhede tot hul reg kom en wel in dié sin dat die verskeidenheid grondmotiewe van die verskillende tydperke in ag geneem word. Dit dui daarop dat dit histories-opvoedkundige veranderlikhede onder die soeklig plaas met die doel om uit al die historiese besonderhede die algemene, voortdurende pedagogiese grondprobleme uit te lig (Venter, 1976:168).

1.4.3 Transendentiaal-kritiese metode

Die transendentiaal-kritiese metode dien as instrument om prinsipieel-besinnend vas te stel of verskeie modelle van ouerbetrokkenheid lewensopvatlik aanvaarbaar is.

Transendentiaal-kritiese ondersoek beteken dat die empiriese werklikheid aan die hand van bepaalde aanvaarde beginsels ondersoek word. Dit is egter van die grootste belang dat die navorser sy voorveronderstellinge voortdurend krities sal herevalueer. Hierdie voorveronderstellinge hou verband met beginsels. Alle feitlike waarhede berus weer op hul beurt op beginsels wat nie soos feite self waarneembaar is nie. Watter beginsels die navorser as geldig en waar aanvaar, word bepaal deur sy gerigtheid op God of afgod (Van Schalkwyk, 1981:19).

Die navorser bly altyd gebonde daaraan om die werklikheid aan die hand van die beginsels te ondersoek, sy beginsels is vir hom fundamenteel en rigtinggewend (Stoker, 1969:31).

Dit is belangrik dat wanneer die navorser die afgebakende werklikheid ondersoek hy alle vooroordele moet opskort, maar terselfdertyd sy voorveronderstellinge sal inspan om as wegwyser vir sy navorsing te dien (Van Wyk, 1972:53).

Volgens die transendentiaal-kritiese metode word ook antwoorde verkry oor die religie van die besondere teoretikus met wie in gesprek getree word (Van der Walt *et al.*, 1982:41).

1.4.4 Empiriese ondersoek

1.4.4.1 Meetinstrument

'n Gestruktureerde vraelys is aan Blanke ouers van verskeie primêre skole voorgehou vir beantwoording.

1.4.4.2 Populasie

Die Blanke ouers van die primêre skole is verteenwoordigend van PI-, PII-, PIII- en PIV-skole. Die primêre skole is ewekansig geselekteer waarvan sommige skole plattelandse gemeenskappe en ander stedelike gemeenskappe bedien.

1.4.4.3 Statistiese tegnieke

Hulp is verkry van die PU vir CHO se statistiese konsultasiediens in die opstelling van die vraelys, die verwerking van die data, en die vertolking van die versamelde gegewens.

1.4.5 Die vergelykende metode

'n Vergelykende ondersoek na die wyse waarop ouerbetrokkenheid in die VSA benader word, is onderneem.

Die voorafgaande navorsingsmetodes word geïntegreerd aangewend.

1.5 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSTERREIN

1.5.1 Vooraf

In hierdie studie word 'n besondere faset van die werklikheid, naamlik ouerbetrokkenheid nagevors. Die navorsingsprobleem word vanuit voorafingename Christelik-reformatoriese vooronderstellinge ondersoek.

1.5.2 Begripsomskrywing

Die begrippe (Christelike) opvoeding, onderwys, opvoedende onderwys, ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys, onvoorwaardelike aanvaarding, beskikbaarheid, skep van geborgenheidsruimte en ouers as kultuurdraers wat telkens in hierdie navorsing voorkom, se betekenis word vervolgens kortliks omlyn.

1.5.2.1 (Christelike) opvoeding

Alle opvoeding word gerig en gelei deur 'n lewensopvatting. Sonder die rigtende en steunende krag van 'n lewensopvatting is geen ware opvoeding moontlik nie (Steyn *et al.*, 1981:19).

Die volgende definisie van Ellof (1982:8-9) van opvoeding behels die gemeenskaplike van 'n groot aantal definisies van opvoedkundiges soos Gunter (1978:11-14,16), Potgieter (1961:8,13) en Van der Stoep *et al.* (1968:3) wat die Christelike opvoeding beskryf: "Opvoeding kan omskryf word as die ontwikkeling van die persoonlikheid van die kind in sy betrokkenheid op alle lewensgebiede deur die ouer of sy plaasvervanger en wel só dat hy, soos in Christus herbore, volkome kan wees, vir elke werk volkome toegerus ten einde God in gehoorsaamheid te verheerlik."

Die omskrywing van Van Wyk (1975:39) oor Christelike opvoeding word as die aanvaarbaarste beskou: "Christelike opvoeding sal (dus) 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde daad wees waarby 'n Christelike opvoeder, wat uit sy liefde vir God en die naaste gedwonge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot ontsluiting van die kosmos, 'n onmondige persoon tot ontsluiting bring en sodoende lei, help vorm, toerus en oorhaal tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy taak om God met sy lewe te dien, sy koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring."

1.5.2.2 Onderwys

Onderwys is 'n onderdeel van die opvoeding, maar alle onderwys is nie opvoedend nie. Onderwys het meer met intellektuele vorming te doen. Dit het meestal te doen met die bybring van kennis en vaardighede wat ook kennis aangaande waardes en norme insluit. Die onderwys sluit egter nie net intellektuele aktiwiteite in nie, maar is ook gerig op beleving en waardering (Van Rensburg, 1979:105).

Omdat die skool se doelfunksie die ontsluiting van die logies-analitiese modaliteit van die mens (i.c. kind) is, word daar op skool meer aandag gegee aan onderwys (Postma, 1987:8).

1.5.2.3 Opvoedende onderwys

Alle opvoeding en onderwys is doelgerig. Opvoeding dra altyd een of ander vorm van kennis oor. Volgens Dekker (1980:16-18) word opvoeding gedra deur die onderwys, want die aanleer van basiese kennis en vaardighede is 'n voorvereiste van opvoeding. Verder vind opvoedende leer eers werklik plaas wanneer die kennisinhoud wat deur onderwys verwerf is ook die karakterinhoud bevat wat deur opvoeding ingeskerp is.

Ten opsigte van opvoedende onderwys in die gesin moet die ouers as volwassenes kennis dra van hulle kinders se hulpbehoewendheid en die nood waarin hulle verkeer. Omdat die ouers besef dat hulle kinders nog nie genoeg weet nie, onderwys hulle hul kinders opsetlik sodat laasgenoemde betekenisvol kan leer. Opvoeding en onderwys mag nooit in die huis geskei word nie omdat norme elke keer behoort by te kom (Smit, 1977:26).

1.5.2.4 Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys

Die omskrywing van Postma (1987:8-9) oor ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys vat die gedagtes van kundiges soos Eloff (1982:1-31), Van Schalkwyk (1983:7-85), en Kruger (1985:103-108) baie goed saam en daar word akkoord gegaan daarmee, naamlik: "Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys impliseer dat ouers:

- belangstelling sal hê in die bedrywighede van die skool;
- sal saamwerk met die skole (onderwysers) in belang van die opvoedende onderwys van hulle kinders;

- bereid sal wees om betrokke te raak by skoolaktiwiteite soos aangedui deur die professioneel-opgeleide opvoeders (die onderwysers);
- gekwalifiseerde seggenskap en inspraak sal hê in die opvoedende onderwys van hulle kinders, en
- bereid sal wees om as volwaardige vennote saam met die onderwysers te werk in belang van die ontsluiting en begeleiding van hulle kinders op laasgenoemde se pad na volwassenheid.”

1.5.2.5 Onvoorwaardelike aanvaarding

Ouerskap plaas ouers en kinders in 'n bepaalde maar ook onvermydelike en onlosmaaklike verhouding tot mekaar. Dit is 'n deel van skeppingsorde van God dat ouers kinders sal hê maar dit impliseer onwillekeurig ook die roeping by ouers tot verantwoordelike ouerskap. Deel van die ouerlike verantwoordelikheid sluit die onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders in.

Aanvaarding is 'n essensie waardeur die vertrouensverhouding medegekonstitueer word. Dit is nie 'n bewuste, rasionele, beplande handeling nie. Die opvoeder ontmoet die kind in die gesindheid van liefde op die pad van 'n natuurlike, spontane toegeneentheid. Onvoorwaardelike aanvaarding kom vir die Christenopvoeder tot uiting deur geloof, hoop en liefde (Van Rensburg, 1979:3).

Aanvaarding is 'n absolute voorvereiste vir ontmoeting tussen ouer en kind en in die ontmoeting kom die ouer se liefde tot sy reg. Die ontmoeting slaag wanneer die kind geborgenheid belewe sodra die ouer bereid is om vir hom beskikbaar te wees (Sonnekus, 1984:50).

'n Kind wat onvoorwaardelik deur sy ouers aanvaar word, word dus aanvaar soos hy is, met die oog daarop om hom te bring tot waar hy behoort te wees. Die gesinsaktiwiteite moet sodanig wees dat die kind aanvaarding beleef te midde van die gewone gang van sake in die gesinslewe. Ten spyte van normale meningsverskille en straf, moet die kind aanvaarding beleef. Elke kind moet as 'n unieke kind aanvaar word. Die ouer moet die besondere eie-aard van die kind leer ken en hom as persoon lei tot volwassenheid (Botha, 1977:46).

Uit die voorafgaande blyk dit dat aanvaarding as essensie van die opvoedingsverhoudinge in die gesin beteken dat die kind in sy kinderlikheid erken en aanvaar word vir wat hy is. Met die voorafgaande in gedagte is ouerbetrokkenheid aan die hand daarvan deurlopend in die navorsingondersoek.

1.5.2.6 Besikbaarheid van die ouers

Steungewing is die essensie van die ontmoeting tussen volwassene (ouer) en nie-volwassene (kind) tydens die opvoedingsgebeure. Die begrip steungewing omvat dan ook meer as blote hulpverlening – dit is 'n besondere essensie van die opvoedingsverhoudinge in die gesin. Een van die uitstaande kenmerke van die opvoedingsgebeure is die bereidheid en aanhoudende bereidwilligheid van die volwassene om beskikbaar te wees vir en te antwoord op die noodroep van die nie-volwassene (Oberholzer, 1968a:54)

Die ouers dra die primêre verantwoordelikheid vir en seggenskap oor hulle kinders se opvoeding. Dit is 'n onvervreembare, Godgegewe verantwoordelikheid (Van Schalkwyk, 1983:28).

Die beskikbaarheid van die ouers vir hulle kinders se opvoedende onderwys sluit die volgende in:

- As vertroueling moet die ouers beskikbaar wees as hulle kinders in hul opvoedingsnood hulle tot hul ouers wend vir leiding en steun.
- Ouers aanvaar hulle opvoedingsverantwoordelikheid en stel hulself beskikbaar vir die veiligheid, beskerming, versorging en opvoeding van hulle kinders (Hattingh, 1978:7).

Perquin (1966:153) beklemtoon die opvoedingsbetekenis van die ouers se belangstelling in en beskikbaarstelling vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die kinders is dus ook en veral op hul ouers aangewys vir leiding en belangstelling in hulle skoolwerk en buite-murse aktiwiteite sodat hulle na vermoë kan presteer.

Aangesien die beskikbaarheid van die ouers verband hou met die kind-ouerverhouding wat 'n effek het op die kwaliteit van die kinders se leefwêreld, wyse van selfaktualisering en emansipasie is dié essensie ingebou in die navorsingsprobleem.

1.5.2.7 Skep van geborgenheidsruimte

Die plek waar die gesin saamwoon dien as ruimtelike en affektiewe ordening vir die gesinslede. Hierdie ordening bied aan die ouers sowel as die kinders 'n veilige heenkome. Geborgenheid is 'n noodsaaklike voorwaarde vir opvoedende onderwys. Binne die primêre opvoedingsmilieu (die huis) word die kind gebind aan die geborge lewensordering wat daar behoort te geld (Van Zyl, 1975:175).

Met die geborgenheid van die mens (kind) word bedoel dat hy so versorg moet word dat hy nie geskend word en verlore mag gaan nie. Dit is veral die kind wat nood aan 'n geborge ruimte het. Wanneer so 'n geborgenheidsruimte geskep word, wek dit 'n beleving van sekerheid, van gemoedsrus en vertroue by die kind (Smit, 1977:37).

Die bestendigheid van die kind hang ten nouste saam met sy veiligheid en geborgenheid tuis. Die staat van geborgenheid sal sy waagmoed en eksplorasië positief of negatief beïnvloed. Sonder die onvoorwaardelike aanvaarding van die gesag van die ouers kan die kind nie met vertroue uitgaan tot sy wêreld nie (Smit, 1977:37).

Die stigting van 'n geborge woning word hoofsaaklik deur die opvoeder aangevoer in die sin dat hy 'n veilige ruimte aan die kind wil bied. Dit is dus die taak van die ouer om 'n geborgenheidsruimte vir sy kind te skep (Botha, 1977:43).

Uit die voorafgaande blyk dit dat 'n kind nood het aan 'n begrensde ruimte wat tuiste, veiligheid en sekerheid bied. Vanuit die oogpunt is die essensie as geïntegreerde deel van die navorsingsprobleem ingebou om te ondersoek.

1.5.2.8 Ouers as kultuurdraers

In sy kern is die mens 'n kultuurwese en dit bring mee dat hy met kultuurwording gemoed is — 'n wese met kultuuropdrag. Die betrokkenheid van die ouer is terselfdertyd die vergestaltung van sy kultuuropdrag wat die beste onder opvoeding gedy (Van Rensburg, 1979:83).

Kultuur en opvoeding is onlosmaaklik met mekaar verbind. Omdat 'n kind in 'n besondere kultuurmilieu gebore word, vind die opvoeding altyd binne 'n partikuliere kultuurtradisie plaas. Aangesien 'n kind nooit met kultuur gebore word nie, moet hy in 'n besondere kultuurtradisie ingedra word (Van Zyl, 1975:174).

Opvoedende onderwys is noodsaaklik om die kind te bring tot deelname aan die menslike kultuurtaak. Die kind word as persoon binne 'n partikuliere gemeenskap op 'n bepaalde tyd en plek gebore. Van die begin af staan hy deur bepaalde ouers in 'n besondere verhouding tot die partikuliere gemeenskap (Van Zyl, 1975:174).

Waar die ouers en kind saam op die toekoms gerig is, word vir die kind volwasse deelgenootskap aan 'n besondere kultuurgroep in die vooruitsig gestel. Die kind se toekoms-perspektief is geïntegreer met die toekoms van die kultuurgroep waarin hy hom bevind. Dit is die taak van die opvoeder (i.c. ouer) om by die kind tuis te bring dat sy kultuurgroep, die werklikheid en die toekoms nie sumier onderworpe is aan die kind se wense en begeertes nie. Inteendeel stel die werklikheid en die toekoms eise aan die kind en hy moet, deur die begeleiding van sy ouer, op hierdie eise antwoord (Botha, 1977:45).

Die begripsomskrywing van kultuur is gedoen ter verheldering van die essensie wat ook deurlopend in die navorsing ondersoek word.

'n Verdere doel van die begripsomskrywings van die vier essensies is om die besondere verband tussen die essensies te beklemtoon. Dit is duidelik dat as hierdie gestelde essensies nie deurgaans behoorlik tot verwesenliking kom nie, die moontlikheid dat die kind in ernstige opvoedingsnood raak, sal toeneem.

1.6 PROGRAM VAN ONDERSOEK

Daar bestaan besorgdheid oor die posisie van die individuele ouer wat op mikro-onderwysvlak betrokke moet wees in die opvoedende onderwys van sy kind in die primêre skool omdat dit nog nie duidelik omlin is nie. Opskrifte in 'n koerant (Anon, 1986:2) soos "onseker oor plek in skool" en "ouers staan vreemd op die kantlyn" bevestig die genoemde bewering.

Uit die literatuurstudie is vasgestel dat daar besondere probleme in verband met ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak bestaan. Opvoedkundiges soos Postma (1986:192-197), Van Schalkwyk (1983:12-19), Stone (1984:3) en Eloff (1982:24-25) wat as kundiges op die gebied van ouerbetrokkenheid bekend staan, onderstreep hierdie aktualiteit van die navorsingsprobleem.

'n Saaklike uiteensetting van hoe die navorsing verloop het, word vervolgens gegee. Daar is eerstens op die metode, doel en program van die ondersoek gefokus om aan te dui

hoe die vraagstuk van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in die blanke primêre skool in Suid-Afrika in hierdie ondersoek benader is.

Aandag is voorts gewy aan 'n fundamentele uiteensetting van ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys.

Aan die hand van die vier bogenoemde essensies van die opvoeding naamlik onvoorwaardelike aanvaarding, beskikbaarheid van die ouers, skep van geborgenheidsruimte en ouers as kultuurdraers, is ouerbetrokkenheid in die geskiedenis en voorbeelde van ander lande ondersoek.

Uit die teoretiese ondersoek is vraelyste opgestel om 'n empiriese ondersoek te onderneem. Die empiriese ondersoek is geloods en aspekte soos die doel van die ondersoek, enkele ondersoekmetodes, die keuse van ondersoekmiddel en die vraelys is bespreek. Die resultate van die ondersoek is ten slotte aangebied en toegelig, waarna bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings gegrond op die navorsing, bespreek is.

1.7 HOOFSTUKINDELING

Hierdie navorsing bestaan uit sewe hoofstukke wat soos volg ingedeel is:

Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling, doel, metode, aktualiteit en verloop van die navorsing.

Hoofstuk 2: Die ouer as primêre opvoeder se betrokkenheid by opvoedende onderwys.

Hoofstuk 3: Historiese momente weergegee by wyse van eksemplaarmodelle wat die aard en verloop van ouerbetrokkenheid in sekere tydperke illustreer.

Hoofstuk 4: Eksemplare van ouerbetrokkenheid uit die historiese verloop van die Amerikaanse Onderwysstelsel.

Hoofstuk 5: Ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys by primêre skole van blanke kinders in Suid-Afrika (1652-1991).

Hoofstuk 6: Empiriese ondersoek

Hoofstuk 7: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

1.8 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is 'n beknopte weergawe van die beoogde verloop van die onderhawige navorsing. Die hoofstuk het ten aanvang 'n oorsig oor 'n oriëntering van die navorsing gebied. Daarna is die probleemstelling van naderby bekyk. Die doel van die ondersoek het vervolgens onder die soeklig gekom, gevolg deur die metode van ondersoek. Die begrip “ouerbetrokkenheid” en ander begrippe is gedefinieer en daar is gewys op die belangrikheid van ouerbetrokkenheid ten opsigte van die opvoedende onderwys van die kind. Ten slotte is die aktualiteit en die verloop van die navorsing kortliks weergegee.

In Hoofstuk 2 gaan daar vervolgens aandag geskenk word aan die beligting van die struktuur en taak van die samelewingsverbande asook watter verband die begrip “lewensopvatting” met betrekking tot die opvoedende onderwys van die kind het. Dit sluit die ouer as primêre opvoeder se betrokkenheid by die opvoedende onderwys in.